Polsslag

Gereformeerde Kerk Benoni,
Miles Sharpstraat 24B,
Rynfield, Benoni

www.gkbenoni.co.za

Agterblad

Polsslag

21 Februarie 2010

Gereformeerde Kerk Benoni,
Miles Sharpstraat 24B,
Rynfield, Benoni

www.gkbenoni.co.za

WELKOM

Die Gereformeerde Kerk Benoni wil graag al die gaste en besoekers, wat vandag se erediens bywoon, hartlik verwelkom. Indien u 'n nuwe intrekker is, meld asb. by een van die predikante, Braam Krüger of Sarel v.d. Walt aan, of kontak vir Ina Bolt (084 993 1136) of Gusta Botes (083 383 2605)

DIENSTYE

Oggenddiens: 09:00Jeug: 17:00 (nie tydens skoolvakansies nie)
Aanddiens: 18:30

DIENSBEURTE

Hierdie week: Wyke 30,31,32,33
Volgende week: Wyke 34, 1,2,3

NAGMAAL

Alle lidmate word hartlik uitgenooi om deur die gebruik van die Nagmaal versterk te word in die geloof en in die onderlinge verbondenheid. Ons moes meet en pas om die grootste hoeveelheid lidmate aan'n tafel te laat sit – die broers en susters wat kelkies wil gebruik, word versoek om asb. in die voorste rye op die verhoog "met tafels" te sit.

Lidmate wat moeilik loop of trappe klim, kry geleentheid om in die heel voorste bank in die kerk, onder die verhoog, aan te sit. Die kerkraad wys lidmate daarop dat daar nog besin word oor die praktiese manier waarop die nagmaal bedien word.

Ons sal DV by die eerste breë kerkraadsvergadering na die nagmaal 'n terugskouing en vooruitskouing hou oor die beste praktiese manier van bediening, sodat dit tot eer van God en tot opbou van die gemeente bedien kan word.

GEMEENTEKAMP

Daar is nog baie plek, bespreek nou! Vir meer inligting en om te bespreek skakel vir
Gavin 083 448 5277 of
Elma 082 647 8948.

LOGO

Julle het seker gesien dat ons nou reeds vir 'n tydjie van die logo hier onder gebruik maak. Die kerkraad het op sy vergadering van 17 Februarie hierdie logo goedgekeur as amptelike logo van die gemeente. Die konsep vir die logo vind sy oorsprong in Rom. 12: 2, wat o.a. lees: "Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe". "Verander" is in Grieks die woord "metamorfeo" waar ons "metamorfose" vandaan kom. Dit het iets in van die verandering vanaf een voorkoms na 'n ander, soos 'n wurmpie wat verander in 'n skoenlapper. Ons sien dit as 'n belangrike funksie van 'n Christelike gemeente – ons gemeente – om enersyds lidmate te begelei sodat hulle hierdie transformasie of metamorfose te ondergaan- die heiligmaking waarvan daar in die Heilsweg geparaat word. Anders gesê: die afsterf van die ou mens en die opstaan van die nuwe mens. Verder moet ons ook in die wêreld waarin God ons geplaas het sy prag reflekteer – om die aandag op die Skepper te plaas. Ons vertrou dat hierdie logo iets van hierdie konsep visualiseer. Dankie aan Zanta du Plessis vir die ontwerp.

GEREFORMEERDE KERK BENONI

Dr. Braam Krüger – 011 849 9253 – 082 459 5636 braam@gkbenoni.co.za
Dr Sarel v.d. Walt – 082 920 1604 – sarel@gkbenoni.co.za
Herman Kloppers – 073 408 2226 – herman@gkbenoni.co.za

ATTESTATE

Attestate ontvang van

Willem en Yolandi Snyman,
Ria van Wyk,
Cornelius Jacobus Viljoen en Natanja Viljoen.

Vertrek met attes

John Leslie na Boksburg,
Jaques Helberg na Magol.

Gemeenskap opgesê

Erik Bolt, Martie Vermeulen, Fia en Fia (Jnr) van Jaarsveld.

27 FEB. 2010 DR. ADO KRIGE

Dwelmhandel is saam met die misdaadvlaag, werkloosheid en Vigs van die grootste probleme waarmee Suid-Afrikaners te doen het. As gevolg van ons swak bewaakte grense kan dwelms vrylik oor die grens van die land binnekom. Suid-Afrika is ook as gevolg daarvan 'n ideale deurgangsroete. Daarom is dit goed as elkeen meer weet van hierdie aktuele vraagstuk. Kom luister Saterdag om 09:00 in ons kerkgebou 'n kenner op die gebied. Ouers, asseblief! Bring ook ten minste julle groter kinders saam –as skoolbedrywighede hulle nie besig hou nie. 'n Kollekte sal opgeneem word vir Extreme Freedom, die organisasie waaraan dr. Krige verbonde is.

POLSSLAGINLIGTING

Inligting wat in die polsslag geplaas moet word, moet asb. voor Donderdagmiddag 12:00 vm. na die **polsslag@gkbenoni.co.za** gestuur word. (Polsslag met 'n dubbel "s")

KOLLEKTE

Vandag se kollektes by die deure gaan vir Emeritaatsversorging en volgende week vir Bybelverspreiding.
Verlede week se kollektes was DVB. R4300 en Teologiese-Studentekas R1620.

KOOR

Die koor begin weer oefen. Kom sing saam tot eer van die Here. Ons kom by die teeportaal bymekaar om 17:15, Sondae, by die kerkgebou. Enige idees vir liedere en die Paasprogram is welkom.

PROJEKTOR EN KLANK

Almal wat wil/kan behulpsaam wees met die klank of projektor tydens dienste; daar is 2 persone per Sondag vir die eredienste nodig. Opleiding sal gegee word. Kontak asb. vir Tarina/Herman.

VERJAARDAE

Hartlik geluk aan almal wat in die komende week verjaar.
22 Feb. Lionel Watt 011 918 2014
22 Feb. Neville Watt
23 Feb. Ina Bolt 0843391136
23 Feb. Fritz Haasbroek 0834789869
25 Feb. Michael Amoraal 0827954024
25 Feb. Adri van Tonder 0828186063:
26 Feb. Jan van Jaarsveld 078 743 1232
27 Feb. Cathryn Mann
27 Feb. Pieter Muller 0828779331
27 Feb. Janie Potgieter 0825833720
27 Feb. Charlotte Swartz 011 421 8371

BANKBESONDERHEDE VIR BYDRAES

Alle bydraes kan in die volgende rekening inbetaal word. Merk duidelik by besonderhede u volle naam en doel.
Gereformeerde Kerk Benoni
Absa Bank
Tjek nr. 220340 333

Beroepe ontvang

Proponent W. Jobse - Noord-Oosrand

Beroepe aanvaar

Proponent F.J. Mouton - Potchefstroom-Mooirivier.

GEREFORMEERDE VROUEBERAAD

Die Vroueberaad vind van 30 April tot 2 Mei in Bloemfontein plaas. Koste beloop R150 per persoon en verblyf moet self gereël word. ABSA Rek: 92391814. P Liebenberg - Vroue met Vlerke. Kontak Sandra du Preez 082 411 3257

OP DIE PROGRAM

Maandag: Bybelstudie 9:30 Rynpark
Depressie-steungroep 19:30
"Band" oefening 19:00
Dinsdag: Bybelstudie 18:30
Bybelstudie 19:30
Woensdag: 20'something Bybelstudie 19:00
Donderdag: Afhanklikheidssteungroep 19:00
Gebedsgroep 19:30 - by Rynpark 5 nr. 90
Bybelstudie Hoërskooljeug 19:00
Vrydag: Bybelstudie 8:30
'Kids Games' 17:00
Saterdag: Dr. Ado Krige oor dwelmafhanklikheid 09:00 in die kerk.

LIEF EN LEED

Francois le Roux (071 685 5199) se pa is met leukemie gediagnoseer. Hy is in Pretoria vir nog toetse en behandeling. Die familie word aan die Here opgedra in hierdie moeilike tyd.

Sr Rina v/d Berg ondergaan Vrydag 'n operasie. Spoedige herstel toegebid.

Verskeie lidmate met eie besighede en natuurlik werknemers van besighede kry maar swaar in die ekonomiese drukte. Oorhoofse koste moet betaal word deur eienaars/bestuurders en werkers staan gevaar om afgelê te word. Ons bid dat die Here spoedige uitkoms sal gee!

SUSTERS

Die sustersmandjie wat die rondte doen tussen ons susters moet asb. besorg word aan Donsie Krüger. Die nuwe jaar het begin en ons is bly om alle susters te laat weet dat die Sustersaksie nou weer n aanvang sal neem. Ons sal julle
binnekort laat weet aangaande ons program vir die jaar. Ons benodig 'n subkomitee van ongeveer 4 susters. As jy deel wil wees van die span wat die beplanning gaan doen vir hierdie jaar gee jou naam asb. aan Donsie of Anina.

Laaste geleentheid om jou naam op te gee, by Donsie of Anina, vir die susterssaamtrek 13 Maart 2010. <u>Onthou jou R80.00</u>!

HUISBESOEK VERSOEKE

Huisbesoeke deur Braam vorder maar stadig. Daar word deur die wyke gewerk, maar net Donderdae-aande is gewoonlik beskikbaar vir besoeke. Twee of hoogstens drie besoeke kan per aand ingepas word. Daarom is daar by die deure vormpies wat jy kan invul en in die toegewysde bussie gooi as jy'n spoediger besoek wil kry.

MIDMARMYL TERUGVOER

Dankie aan almal wat vir ons gebid het en aan die wat ons reeds geborg het. Borge is nog steeds welkom. Dit gaan vir die Egipte uitreik en ons moet in April reeds die eerste uitgawes daarvoor aangaan. Betaal kontant, of in die kerk se rekening en merk dit "Egipte Toer" Ons waardeer dit!

Ons het almal klaar geswem en voel goed daaroor. Hier is ons tye. Hanno 36min; Dirk 51min; Veronica 53min; Jan 69min. Om te dink ons het eers in Desember begin oefen. Ons hoop dat daar volgende jaar nog meer spanne saam gaan swem!!

KRUGERSDORP-WES WORTEL–GOLFDAG

Die bekende Worteldag- Golfdag word weer hierdie jaar op 3 Maart 2019 deur Krugersdorp-Wes by die Randfontein Golfbaan aangebied. Die fondse wat ingesamel word gaan vir die Gemeentefonds en die Paul Kruger Kinderhuis Reddersburg.

Koste R1000, vierbal.
Borg R1000 per putjie.
Kombinasie R1500 (vierbal en borg).
Ondersteun asb. die dag.
Kontak Stefan 083 647 3313.